# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 180 17 Julie 2020


In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


**REDAKSIONEEL**

**Kernsake**

Een van die vrae wat gereeld aan kerke gestel word, is: "As julle môre verdwyn, wat sal die gemeenskap sê en watter leemte sal julle laat?" Wat is dit wat maak dat ons na onsself kan verwys as deel van die een, heilige, algemene Christelike kerk? Om hierdie vraag na behore te beantwoord, moet daar eers gevra word na die kern van kerkwees. Die ideale antwoord sal dan aan hierdie kernsake gekoppel moet wees. Meer nog, sodra die kerk of gemeente weet wat die kerndoel en kernwaardes is, kan die gemeente daarop fokus. Wat is die antwoorde wat gebied word?

"Stilte van ek-weet-nie." Daar is baie wat die vrae na 'n skielike verdwyn sal antwoord met onkunde. Hulle weet nie waarvoor kerk daar is nie, hulle weet nie waarom hulle deel is nie. Daar is ook mense wat sal antwoord dat dit nie saak maak nie. Enige persoon wat geen antwoord bied nie, word deur die vraag uitgedaag om standpunt in te neem, of ten minste na eie bruikbaarheid ondersoek in te stel. Dit is 'n redelik klein getal mense wat hierdie antwoord sal gee.

"Barmhartigheid" Dit is veral in tye soos wat ons huidig belewe, dat die antwoord kan fokus op barmhartigheid wat as taak van die kerk uitstaan. Dit kan so ver gaan as dat barmhartigheid opgeneem word in die "*Notae Verae Ecclesiae*" - kenmerke van die ware kerk. Die waarde van die gemeente se arbeid en betrokkenheid word dan gemeet aan die barmhartigheidswerk wat gedoen word. "Het Jesus dan nie self Hom ontferm oor die noodbehoeftiges nie? Was een van die eerste handelinge van die apostels dan nie om sewe diakens aan te stel nie?" Die nodigheid van barmhartigheid was van die skepping af deel van die gebroke bedeling waarin ons lewe. Jesus het bevestig dat ons die armes altyd saam met ons sal hê. Hy kon bygevoeg het dat ons nog altyd die armes met ons gehad het. Daar was van die vroegste tye af bedelaars, weduwees en wese in nood. Daar was nog altyd mense wat hulle oor hierdie mense ontferm het, in persoon en later in formele strukture van barmhartigheid. Maak die barmhartigheid wat ons ontvang het, dat ons barmhartigheid moet bewys? Dit sal gewaagd wees om daardie stelling ongekwalifiseerd met 'ja' te antwoord. Die vergifnis wat ons ontvang het dwing ons

om vergifnis te gee. Dit maak nie die kerk die agent wat vergifnis moet bemiddel en bevorder nie.
Vir Christene is barmhartigheid 'n daad van dankbaarheid, nie 'n kernsaak van die geloof en die kerk nie. Om dit duidelik te stel; daar is 'n markplein van barmhartigheid, mense wat kompeteer in terme van die werk wat hulle doen. Vir sommige word barmhartigheid uit die diepte van die hart gedoen; ander is letterlik daarop uit om lewenstog kry en selfverryking na te streef. Daar is meer as twintig groepe in Pretoria en omgewing wat besig is met welsynswerk. Nie almal is Christengroepe nie. *'Gift of the giver'* is 'n Moslem organisasie wat gereeld in die nuus is oor die werk wat hulle doen. Dit is met ander woorde nie deel van die kern van kerkwees om barmhartigheid in die gemeenskap te doen nie. Sou ons gemeente deur barmhartigheid gedefinieer word en verdwyn, sal ons nie gemis word nie. Daar is soveel ander organisasies wat dieselfde werk kan doen, nie eens noodwendig Christene nie.

"Inklusiwiteit" en "Sorg dra vir die geringes en onderdruktes." Die stryd in die strewe na sogenaamde sosiale geregtigheid, is deur baie predikante en kerke opgeneem. In daardie mense se verwysingsraamwerk is dit hulle roeping om al die sogenaamd gemarginaliseerdes in te neem en te beskerm. Het Jesus dan nie self by die sondaars en tollenaars geëet nie? Het Hy nie self die straatkinders geseën nie? Die Marxistiese prisma wat hierdie benadering bied, maak dat die kerk lyk soos 'n beginsellose organisasie wat telkens net kant kies vir die onderdruktes, wie hulle ookal mag wees. Die verwysing na Marx is nie alarmisties of oordrewe nie. 'n Goeie ondersoek in die filosofie sal duidelik aantoon dat die kritiese teorie en die strewe na sosiale geregtigheid sy ontstaan het in die dampkring van Marx se volgelinge. Hulle het agtergekom dat dit nie noodwendig ekonomiese wanbalanse is wat revolusies veroorsaak nie, en dan hulle voorspellings oor die revolusie nie waar geword het nie. Hulle het Marx se filosofie net so oorgeneem, en 'ekonomie' met 'sosiale strukture' vervang. Dit is die benadering wat deur die WRK en ander organisasies gevolg is (met teologiese ondertone) in die stryd teen apartheid. Die genitief-teologie (teologie van bevryding, feminisme en ander) van die vorige era het die inklusiewe teologie van vandag geword. Die boodskap van opstanding en bevryding van sonde word hier vervang met die boodskap van bevryding van tydelike onderdrukking. Indien inklusiwiteit ons as gemeente definieer, en ons verdwyn môre, sal ons nie gemis word nie. Daar is baie ander aktiviste en politieke organisasies wat die werk doen en kan doen, en hulle is nie eens noodwendig Christene nie.
Daar is baie antwoorde wat gebied kan word op die vraag na die effek van ons gemeente se teoretiese verdwyning, maar die antwoord gaan telkens wees dat daar ander mense is wat dit ook kan doen, en hulle is nie noodwendig Christene nie.
"Suiwer Evangelie verkondig", Jesus se opdrag in Matteus 28 saam met vele ander Skrifgedeeltes, maak dit duidelik wat die kerk se roeping, taak en opdrag is. Die kerk is eerstens daar om die Evangelie suiwer te verkondig. Daar is geen ander organisasie of instansie wat dit kan doen nie. Dit is net by die kerk wat jy die waarheid van Jesus se verdienste kan hoor. Net by die kerk gaan jy die volle

inhoud van die Bybel hoor. Daar is baie nood, baie mense in groot nood. Daar is mense met ekonomiese nood, mense wie se gesondheid problematies is, mense met sosiale en persoonlikheidsprobleme. Hoe kies jy tussen al hierdie leemtes die plek wat jy gaan volstaan? Die grootste nood wat die mens het, is die sonde. Die Evangelie verkondig vergifnis, hoop en ewigheid in Christus. Sou dit gebeur dat ons as gemeente ophou bestaan, gaan die mense vra: "Waar gaan ons nou heen om suiwer verkondiging te hoor?" Mag dit waar wees van alle kerke en gemeentes.

**HULP AAN VOLKSGENOTE**

Volkshulp2000 en die **Vlinderfonds** wat albei volksgenote - ons mense - in nood help, het 'n ongekende toestroming in die laaste week ervaar van mense wat nie kos het nie en terselfdertyd het hulle skenkings van kos en geld in hierdie tyd opgedroog omdat skenkers ook sukkel. Die nood is geweldig hoog .Enige hulp en bydraes wat u kan gee vir hulp aan behoeftige en honger blanke mense in hierdie tye sal waardeer word. Kontak asseblief Corrie du Plessis by Volkshulp2000 (082-682-7454, 012-755 -8201) en Renette du Plessis (082-896-8906 lepl@mweb.co.za ).
Ons gee ook die bankbesonderhede.

**Vlinderfonds**
Bankrekening Standard bank.
Rek nommer: 271240490. Verwysing nommer: 01544556342. (U moet asseblief hierdie verwysing gebruik)

**Volkshulp2000**:
ABSA rek no 0010176514
(Takkode 632005)

**BONDSVERGADERING EN MAKWASBYEENKOMS**

GHG BONDSVERGADERING 2020
Die GHG het besluit om met uitsondering van finansiële, administratiewe en dringende sake elke tweede jaar te vergader. In die lig hiervan is die volgende algemene reëlings vir die 2020 Bondsvergadering van belang:
DATUM12 September 2020
PLEK Premiermyn
REGISTRASIE 08:00 – 09:45
OPENING 10:00
AFSLUITING 13:00
KOSTES
Die kostes vir die 2020 Bondsvergadering sal aan u deurgegee word nadat die Bestuur vergader het.
AFGEVAARDIGDES
Weens die aard van die vergadering word u versoek om toe te sien dat minstens 2 afgevaardigdes met mandaat die vergadering bywoon.

Emeriti en ander predikante: Dagboek solank 12 September 2020 vir die jaarlikse Makwasbyeenkoms. Die Dorkas gaan op hierdie Saterdag emeriti, hulle gades en ander predikantspare feestelik onthaal. Dit val saam met die Bondsvergadering.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com




Die The Bronnie Bronberger

fokus op die landelike leefwyse /
focus on country living

Julie/July 2020 Vol.18 No.11

gratis/free



012 734 0522 / 082 377 6807
info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za


Mense wat self swaarkry, het hulle harte en beursies oopgemaak om hongersnood in die Rayton- en Cullinan-omgewing teen te werk. Dié projek wat sedert die begin van inperking met die aflewering van kospakkies in grafstil strate begin het, stoom vandag steeds voort. Warm kos, kniekombersies, handskoene, serpe, musse en mantels word afgelewer.

Die Cullinanse Gemeenskapspolisiëringsforum het aan die begin van die grendeltyd gesien dat daar 'n drastiese behoefte aan voedsel is en het 'n massa-voedselvoorsieningsprojek op die been gebring. Die Christelike Maatskaplike raad, SA Cares, NG Kerk, Gereformeerde



Gemeenskapslede het ingespring en gehelp



Baie aartappels is geskil

Kerk, Hervormde Kerk, Helpende Hand, Avad Ha Raeb en Vlinderfonds het saamgespan om duisende mense te voed.

Op vlak vyf van inperking het elke instansie sy lys van behoeftige mense ingedien en elke spanlid was vir 'n bepaalde gebied se aflewering verantwoordelik. 'n Basiese kospakkie het uit verskeie blikkies kos, rys, mieliemeel, kookolie, seep en gereelde vars groente saam met donasies vanuit die gemeenskap bestaan.

Cullinan Spar, Rayton Pick n Pay en Wadrift OK het waentjies in hulle voorportale gesit waarin skenkings geplaas kon word. Vyftien spanlede het die skenkings weekliks met vlak vyf en vier se inperking verpak en versprei.

Toe vlak drie aanbreek, kon baie mense terugkeer werk toe en het laat weet dat hulle nie meer kospakkies nodig het nie. Yvette Otto van die Premiermyn Hervormde Kerk op Cullinan (lid van die Bondgemeentes) vertel dat die nood egter nie net geëindig het soos daar van fase vier na drie beweeg is nie.

"Daar is steeds gesinne wat erg deur die inperking geraak word, asook kinderhuise in die omgewing, huisvesting wat aan bejaardes gebied word en private instansies waar gestremde kinders sonder enige staatshulp versorg word."

Yvette vertel dat dit op vlak drie uiteindelik ook moontlik was om



Mense het selfs in die tuin gestaan en werk



Die reuse potte kos word omgeroer

vir die mense warm kos te maak en vrouens uit die gemeenskap het ingespring om groot potte voedsame sop te maak. Die sop was egter 'n uitdaging om af te lewer, omdat dit moeilik is om te vervoer. Dit is hier waar die idee van bredies begin het.

"Nou word daar twee keer 'n week warm kos vir 320 magies in ons kerkkombuis voorberei," sê Yvette. "Een dag bel 'n boer en sê hy bring vir ons blesbokvleis, wat hy klaar in stukke opgesny het. 'n Ander nag 9 uur kom 'n vragmotorvrag vol voedsel hier aan wat die kerk se kombuis van vloer tot plafon volgepak het. Daar is boere wat hoenders bring en ander bring groente of sopbene," sê sy.

# in nood te help



*Tannie Chrissie Labuschagne van Rayton, wat met haar artritis-vingers al byna 3 000 Gismo's gebrei het. Sy en haar man, oom Andries, help ook elke Dinsdag en Saterdag om groente te sny*

Ruim skenkings word hoofsaaklik gereël deur die Vlinderfonds en Chefs with Compassion en Yvette sê dat sjef JB Bekker van Cullinan slim planne met die reuse potte bredie begin maak het. Chefs with Compassion is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy wat in 2020 gestig is in reaksie op die humanitêre krisis wat deur die Covid-19 pandemie veroorsaak is. "Staatmakers vanuit die gemeente en gemeenskap help met die voorbereiding en gaarmaak van die



*Die vroue is nog kliphard aan die brei en hekel vir kniekombersies en die maak van sagte kombersies vir die kinderhuis en kamp*

warm etes in groot kastrolle op gasstowe," sê Yvette. Daarna word dit in vervoerbare houers oorgeskep en word deur vier tot vyf mense afgelewer.

Sommige kos beteken baie vir se ry. "Maar daar word nie net magies gevoed nie; 'n warm magie help, maar warm lyfies en harte is noodsaaklik. Vir warm lyfies, is daar deur die Hervormde Gemeente se vrouens serpe, mussies en handskoene gebrei en terselfdertyd mantels gemaak wat aan kinders in nood uitgedeel is op inisiatief van die Vlinderfonds," sê Yvette.

Kniekombersies word gebrei en gehekel vir kleuters, laerskoolkinders en bejaardes. "Ons verwag juis vandag 'n skenking wol en so pas is 18 kraakvars kniekombersies by my afgelewer," sê Yvette.



*Met liefde gemaak: Handskoene, 'n serp, mus en mantel*

Toe die skole weer begin het, is 'n Gismo-poppie (akroniem vir God is met ons) en 'n stukkie fudge vir elke kind gegee. JB was die flukse afleweraar en die gemeenskap het saamgebak aan die smaaklike fudge.

Yvette sê dat daar so baie welwillendheid in die gemeenskap is en dat die ongelooflike ding is hoe goed die koördinering werk; hoe verskillende instansies en individue kan saamwerk. "Ek weet nie of daar nog 'n dorp is wie se mense so saam kan hande vat nie; kan gee – waarvan hulle nie altyd self



*Maskers is gemaak*

veel het nie – en dit met soveel liefde doen."

Die volgende plan is om 'n tonnelstruktuur aan te skaf sodat die



*Geskenkte groente is in die sop en bredies gebruik*
*Foto's: Verskaf*

mense wat by die projek betrokke is, hulle eie groente kan begin kweek. As jy 'n bydrae, hoe groot of klein ook al, kan maak, stuur vir Yvette 'n WhatsApp: 072-223-7522.


